# Nuwe Kerkgebou Vir Heidelberg

(Meegedeel).

HEIDELBERG, 4 Maart.—Met verlange en belangstelling word, veral in Heidelberg se Hervormde kringe, die aanstaande in-gebruik-neming afgewag van die nuwe kerkgebou van Heidelberg se Ned. Hervormde gemeente. Die wit gebou met sy wit toring val dadelik in die oog van wie die bekende dorp uit oostelike rigting nader; want die kerk is opgerig op 'n hoog geleë erf en is dus van 'n groot afstand sigbaar. Mnr. G. Moerdyk, aan wie se veelsydige talent ons land reeds dosyne kerkgeboue dank, is die argitek. Die bogenoemde toring maak deel uit van die kerk se voorgewel; die dak is met veelkleurige lei gedek, wat 'n opwekkende indruk op die toeskouer maak. Die inwendige—wat ruimte verskaf aan verskeie honderde lidmate—is op oordeelkundige manier verlig en bevat 'n galery. 'n Grote orrel sal geplaas word bo die preekstoel, wat uit elke sitplek in die kerk sigbaar is.

Met die Ned. Hervormde gemeente kan ds. Oosthuizen, die "pastor loci" geluk gewens word met die aanstaande inwyding van die sierlike kerkgebou, wat 'n aanwins beloof te word vir Heidelberg.

Volkstem
6-3-33